Republic of South Africa ◆ Republiek van Suid-Afrika

# Government Gazette Extraordinary
# Buitengewone Staatskoerant

EX UNITATE VIRES

(Registered at the Post Office as a Newspaper) (As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

(REGULATION GAZETTE No. 33) (REGULASIEKOERANT No. 33)

VOL. II.] PRICE 5c. PRETORIA, 6 OCTOBER / 6 OKTOBER 1961. PRYS 5c. [No. 94.

## PROCLAMATION

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA.

No. R. 92, 1961.]

DATE OF COMING INTO FORCE OF SECTIONS *SIXTY-EIGHT* TO *SEVENTY-TWO*, BOTH INCLUSIVE, OF THE MERCHANT SHIPPING ACT, 1951 (ACT No. 57 OF 1951), AS AMENDED.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *three hundred and fifty-eight* of the Merchant Shipping Act, 1951 (Act No. 57 of 1951), I hereby declare that sections *sixty-eight* to *seventy-two*, both inclusive, of the said Act, shall come into operation on the first day of November, 1961.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Bloemfontein on this Twentieth day of September, One thousand Nine hundred and Sixty-one.

C. R. SWART,
State President.

By Order of the State President-in-Council.

B. J. SCHOEMAN.

## GOVERNMENT NOTICES.

### DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING.

No. R. 801.] [6 October 1961.

SPECIAL FEE IN RESPECT OF THE INSPECTION OF MOHAIR INTENDED FOR EXPORT FROM THE REPUBLIC.

1. Whereas a fee is payable under regulations made in terms of the Agricultural Produce Export Act, 1959 (Act No. 10 of 1959), in respect of the inspection of mohair intended for export.

Now, therefore, under the powers vested in me by sections *four* and *nine* of the Agricultural Grading Act, 1959 (Act No. 9 of 1959), I, DIRK CORNELIS HERMANUS UYS, Minister of Agricultural Economics and Marketing, do hereby prescribe as from the 6th October, 1961, a special fee at the rate of 2c per lb. in respect of the inspection of mohair intended for export, to be devoted to the promotion of the future production of mohair.

The said special fee shall be paid by the owner or consignor of such mohair at the time of export to the Secretary for Agricultural Economics and Marketing, Private Bag 250, Pretoria.

2. Government Notice No. 1208 of 31st July, 1959, is hereby repealed as from the 6th October, 1961.

D. C. H. UYS,
Minister of Agricultural Economics and Marketing.

## PROKLAMASIE

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA.

No. R. 92, 1961.]

DATUM VAN INWERKINGTREDING VAN ARTIKELS *AGT-EN-SESTIG* TOT EN MET *TWEE-EN-SEWENTIG* VAN DIE HANDELSKEEPVAARTWET, 1951 (WET No. 57 VAN 1951), SOOS GEWYSIG.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *driehonderd agt-en-vyftig* van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), verklaar ek hierby dat artikels *agt-en-sestig* tot en met *twee-en-sewentig* van genoemde Wet, op die eerste dag van November 1961 in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Bloemfontein, op hierdie Twintigste dag van September Eenduisend Negehonderd Een-en-sestig.

C. R. SWART,
Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade.

B. J. SCHOEMAN.

## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS.

### DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING.

No. R. 801.] [6 Oktober 1961.

SPESIALE GELDE TEN OPSIGTE VAN DIE INSPEKSIE VAN BOKHAAR VIR UITVOER UIT DIE REPUBLIEK BESTEM.

1. Nademaal 'n bedrag betaalbaar is kragtens regulasies opgestel ingevolge die Wet op Uitvoer van Landbouprodukte, 1959 (Wet No. 10 van 1959), ten opsigte van die inspeksie van bokhaar wat vir uitvoer bestem is.

So is dit dat ek, DIRK CORNELIS HERMANUS UYS, Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikels *vier* en *nege* van die Wet op die Gradering van Landbouprodukte, 1959 (Wet No. 9 van 1959), hierby, met ingang van 6 Oktober 1961, 'n spesiale geld van 2c per lb. ten opsigte van die inspeksie van bokhaar vir uitvoer bestem, voorskryf wat aangewend moet word vir die bevordering van die toekomstige produksie van bokhaar.

Genoemde spesiale geld moet deur die eienaar of afsender van sodanige bokhaar ten tyde van uitvoer aan die Sekretaris van Landbou-ekonomie en -bemarking, Privaatsak 250, Pretoria, betaal word.

2. Goewermentskennisgewing No. 1208 van 31 Julie 1959 word herroep met ingang van 6 Oktober 1961.

D. C. H. UYS,
Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking.

## DEPARTMENT OF JUSTICE.

No. R. 807.] [6 October 1961.

CORRECTION OF GOVERNMENT NOTICE No. R. 753 OF THE 22ND SEPTEMBER, 1961.—REGULATIONS MADE UNDER SECTION *ONE HUNDRED AND SEVENTY-THREE* OF THE LIQUOR ACT, 1928.

The Afrikaans text of the above-mentioned Government Notice is hereby corrected by—

(*a*) the substitution in the heading for the words "*honderd drie-en-sestig*" of the words "*honderd drie-en-sewentig*";

(*b*) the substitution in the undermentioned regulations and form for the word "applikant" of the word "aanvraer":—

(i) Sub-regulation (4) of regulation 2;
(ii) paragraph (*d*) of regulation 5;
(iii) regulation 9;
(iv) paragraph (*b*) of regulation 11;
(v) paragraph (*e*) of sub-regulation (2) of regulation 17; and
(vi) item 17 of Form No. A contained in the Annexure;

(*c*) the deletion in item 6 of Form No. A contained in the Annexure of the word "minder".

## DEPARTEMENT VAN JUSTISIE.

No. R. 807.] [6 Oktober 1961.

VERBETERING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWING No. R. 753 VAN 22 SEPTEMBER 1961.—REGULASIES UITGEVAARDIG KRAGTENS ARTIKEL *HONDERD DRIE-EN-SEWENTIG* VAN DIE DRANKWET, 1928.

Die Afrikaanse teks van bovermelde Goewermentskennisgewing word hierby verbeter deur—

(*a*) die vervanging in die opskrif van die woorde „*honderd drie-en-sestig*" deur die woorde „*honderd drie-en-sewentig*";

(*b*) die vervanging in die ondergenoemde regulasies en vorm van die woord „applikant" deur die woord „aanvraer":—

(i) Subregulasie (4) van regulasie 2;
(ii) paragraaf (*d*) van regulasie 5;
(iii) regulasie 9;
(iv) paragraaf (*b*) van regulasie 11;
(v) paragraaf (*e*) van subregulasie (2) van regulasie 17; en
(v) item 17 van Vorm No. A in die Bylae;

(*c*) die skrapping in item 6 van Vorm No. A in die Bylae van die woord „minder".

## DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE.

No. R. 802.] [6 October 1961.

CUSTOMS ACT, 1955.—TEMPORARY SUSPENSION OF DUTY ON IRON AND STEEL SHEETS COATED WITH TIN (No. 1/136).

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, acting in terms of the powers vested in me by section *sixty-five* of the Customs Act, 1955, hereby suspend the duty of 3 per cent *ad valorem* provided for in item 122 (*b*) (4) (ii) of the Customs Tariff in respect of iron and steel sheets coated with tin, when such sheets are imported in such quantities as may be permitted by me prior to the 31st December, 1961.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

NOTE.—The suspension of duty is effective from the date of publication of this notice.

## DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS.

No. R. 802.] [6 Oktober 1961.

DOEANEWET, 1955.—TYDELIKE OPSKORTING VAN DOEANEREG OP YSTER- EN STAALBLAAIE MET TIN BEKLEE (No. 1/136).

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *vyf-en-sestig* van die Doeanewet, 1955, skort hierby die reg van 3 persent *ad valorem* op waarvoor in item 122 (*b*) (4) (ii) van die Doeanetarief voorsiening gemaak word ten opsigte van yster- en staalblaaie met tin beklee, wanneer sulke blaaie ingevoer word in sodanige hoeveelhede as wat deur my toegelaat mag word voor 31 Desember 1961.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

OPMERKING.—Opskorting van die reg tree in werking met ingang van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

## CONTENTS


No. PAGE

**PROCLAMATION.**

R. 92. Date of Coming into Force of Sections 68 to 72, Both Inclusive, of the Merchant Shipping Act, 1951, as Amended ... ... 1

**Department of Agricultural Economics and Marketing.**

GOVERNMENT NOTICE

R. 801. Special Fee in Respect of the Inspection of Mohair Intended for Export from the Republic ... ... ... ... ... ... ... 1

**Department of Justice.**

GOVERNMENT NOTICE.

R. 807. Correction of Government Notice No. R. 753 of the 22nd September, 1961: Regulations Made Under Section 173 of the Liquor Act, 1928 ... ... ... ... 2

**Department of Customs and Excise.**

GOVERNMENT NOTICE.

R. 802. Customs Act, 1955: Temporary Suspension of Duty on Iron and Steel Sheets Coated with Tin (No. 1/136) ... ... ... 2


## INHOUD


No. BLADSY

**PROKLAMASIE.**

R. 92. Datum van Inwerkingtreding van Artikels 68 tot en met 72 van die Handelskeepvaartwet, 1951, soos Gewysig ... 1

**Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking**

GOEWERMENTSKENNISGEWING

R. 801. Spesiale Gelde ten opsigte van die Inspeksie van Bokhaar vir Uitvoer uit die Republiek Bestem ... ... ... ... ... 1

**Departement van Justisie**

GOEWERMENTSKENNISGEWING

R. 807. Verbetering van Goewermentskennisgewing No. R. 753 van 22 September 1961: Regulasies Uitgevaardig Kragtens Artikel 173 van die Drankwet, 1928 ... 2

**Departement van Doeane en Aksyns**

GOEWERMENTSKENNISGEWING

R. 802. Doeanewet, 1955: Tydelike Opskorting van Doeanereg op Yster- en Staalblaaie met Tin Beklee (No. 1/136) ... 2


The Government Printer, Pretoria. Die Staatsdrukker, Pretoria.